

Jesus Christus bring lig in donker plekke

Wanneer Herodus (Satan) dink hy kan die Woord stuit deur die profeet Johannes die mond te snoer (vs 12), tree dié Profeet, Jesus Christus, na vore. Hy sal koninklik sy ryk laat deurbreek deur as Priester Homself te offer. Duideliker as voorheen klink dit (vs 17): “Bekeer julle, want die koninkryk van die hemel het naby gekom.” Ons Skrifgedeelte vertel dus van ’n nuwe skepping. Die Woord is aan die woord: “Laat daar lig wees!” En, daar wás lig: “Die volk wat in duisternis woon, het ’n groot lig gesien” (vs 16). Jesus, die Lig vir die wêreld, priesterlik bewoë, vestig Hom in die gebied van Sebulon en Naftali (vs 13).

Vroeër was die landstreke by die see geseënd (Gen 49:13; Deut 33:23), maar toe kom die skeuring in die ryk en die oorloë. Dikwels onder aanstigting van die broedertwis tussen Israel en Juda sou Sebulon en Naftali die volle geweld van Assirië, Babel, Egipte en die Romeine se leërs verduur. Groot skaalse verwoesting oor baie jare maak dit in Jesus se tyd die agtergeblewe gebiede. “Die Christus kom tog nie uit Galilea nie?” het die mense gewonder (Joh 7:41).

Wat ’n troos dat Jesus juis in só ’n wêreld sy nuwe begin bring. Hy vestig Hom in Kapernaum. In die skemerland van broedertwis, die donker wêreld van geweld (vs 16), klink ook vandag nog die uitnodiging om deel te word van ’n nuwe begin, ’n nuwe koninkryk, ’n koninkryk van lig, eenheid en vrede. Hierdie troos bring egter ook verantwoordelikheid. Dit vra bekering, omdraai, ’n agterlaat van die praktyke van ’n duister wêreld vol selfsug en sonde. Dit vra ’n onvoorwaardelike navolging van die Koning – nou!

Nie almal gee aan dié oproep gehoor nie. Later sou Jesus sê (Luk 10:15): “En jy, Kapernaum ... jy sal tot in die doderyk afdaal!” Vir dié wat hulle laat uitlei uit die donker land, wag daar egter die stad van lig!

Sing: Skrifberyming 3-1:1-3

Dr. WC Vergeer (Potchefstroom-Oos)